

Woensdag 10 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 12:43-45

Fokusgedeelte: Matteus 12:45;
Heidelbergse Kategismus 33:89

Haat van die sonde

Die afsterwing van die ou mens bestaan verder ook uit haat van die sonde. Dit vloei logies voort uit die droefheid oor die sonde. As ek werklik bedroef is daaroor dat ek God deur my sonde vertoorn het, dan moet ek die sonde ook haat. Ek mag geen genoeë daar-mee neem nie. Ek moet nie die sonde net uiterlik nalaat, maar dit nog in my hart vertroetel en daarna smag nie. Dit is baie gevaarlik, want die moontlikheid dat dit in daad tot open-baring kan kom, is dan baie groot. Daarom moet dit ons met afsku vervul, omdat ons God daardeur onteer.

As ons nie so radikaal met die sonde wil breek nie, bestaan die gevaar altyd dat ons weer daarin kan terugval. Dit is wat met Israel gebeur het volgens Christus se gelykenis van die duiwelbesetene in Matteus 12:43-45. Die duiwel het sy lewe verwoes. Daarna het die duiwel hom verlaat en weggegaan – om welke rede ook al.

Die betrokke mens se lewe was toe soos 'n huis wat skoongemaak, opgeknep en ver-sier was, maar leeg. God het nie die persoon se lewenshuis gevul nie. Omdat die huis leeg was, het die duiwel wat vroeër daar gewoon het, teruggekom en sewe ander duiwels, slegter as hyself, saamgebring en daar kom woon. Toe was die persoon slegter daaraan toe as aan die begin.

So het dit met Israel gegaan. Hulle was vasgevang deur die sonde van *afgodery*: hulle het vir hulle allerlei afgodsbeelde gemaak en dit aanbid en gedien. Daarvoor het die Here hulle gestref deur hulle te laat wegvoer in ballingskap. Toe het hulle gebreek met hulle af-godery.

Tog het 'n groot deel van hulle die sonde van afgodery nie werklik gehaat nie. Uiteinde-lik het hulle weer teruggeval in afgodery, maar toe het hulle van die wet van God 'n afgod gemaak en deur hulle wetsonderhouding die saligheid probeer verkry. *Hulle het van die wet van God 'n afgod gemaak omdat hulle die God van die wet nie liefgehad en gedien het nie.* Toe was dit of daar talle ander bose geeste in hulle ingevaar het, want waar hulle voorouers *die profete van God* vermoor het, het hulle *die Seun van God* vermoor. Aan die einde was hulle baie slegter daaraan toe as die begin. Toe het God se oordeel oor die Jode gekom. In die jaar 70 nC het Hy aan hulle bestaan as volk vir alle praktiese doel-eindes 'n einde gemaak toe hulle deur die Romeine uitgedelg is.

Dit is wat met die mens gebeur as hy net uiterlik met die sonde breek, maar nie bereid is om die sonde hoe langer hoe meer te haat nie. Daarom is die haat van die sonde 'n wesenlike deel van die ware bekering. Daarom moet ons God smee om aan ons steeds meer 'n haat vir die sonde te gee en terselfdertyd 'n groter liefde vir Hom wat ons in Christus so oneindig liefgehad het.